



WAT MAAK SOTERIA EFFEKTIEF?

Stephen Smith, 23 Oktober 2011

The challenge!

- Let others lead small lives, but not you
- Let others argue over small things, but not you
- Let others cry over small hurts, but not you
- Let others leave their future in someone else's hands, but not you

- Jim Rohn

Wat is dit wat ons gemeente gaan laat uitstaan en effektief wees?

A Church's health is measured by its sending capacity, not its seating capacity.

- Rick Warren

Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlijkheid van die HERE gaan oor jou op.

Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jǒu sal die HERE opgaan, en sy heerlijkheid sal oor jou gesien word.

En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang.

Slaan jou oë rondom op en kyk—hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra.

Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see gaan na jou toe oor, die skatte van die nasies kom na jou toe aan.

Jesaja 60:1-5

The church needs to be 'Evangelically potent, prophetically relevant, socially significant, and spiritually refreshed.'

- Ray McCauley

Word iemand van invloed

'n Effektiewe bediening vereis dat daar mense van invloed sal wees. Ons moet 'n impak op mekaar hê, en wanneer laasgenoemde nie jou primêre fokus is nie, word jy irrelevant teenoor die gemeenskap en jou kring van invloed.

Wanneer die kerk wel 'n reputasie opbou van **gee en dien**, sal ons die welvaart van die onregverdige sien aankom na ons toe, want hulle sal dan weet dat ons daarmee vertrou kan word. Hulle sal weet dat ons dit sal aanwend om die wêreld 'n beter plek te maak en om die behoeftes van ons gemeenskap daarmee te dien.

Die Kerk is verantwoordelik om die gemeenskap aan te raak en te verander deur sout en lig te wees. Hierdie moet ons gemeenskaplike tema word vir die 21ste Eeu - wat gaan ons kinders erf? Die Kerk is hier om ons generasie te dien!

Die een geslag prys u werke by die ander, en hulle verkondig u magtige dade.

Psalm 145:4

Hoe vind invloed plaas? Hoe gaan ons 'n impak maak? Deur groot te dink, te dien, te gee en soos **Robert Schuller sê: by finding a need and meeting it and finding a hurt and healing it.**

Wees doelgedrewe

Baie planne is in 'n man se hart, maar die raad van die HERE, dié sal bestaan.

Spreek 19:21

Look carefully then how you walk! Live purposefully and worthily and accurately, not as the unwise and witless, but as wise (sensible, intelligent people), making the very most of the time [buying up each opportunity].

Ephesians 5:15 (Amplified)

Vir ons om doelgerig te wees moet ons duidelikheid hê oor ons bestaan en mandaat. Ons het nodig om gefokus te wees. Die vertrekpunt vir enige gemeente is die volgende: **Waarom bestaan ons?**

Larry King in interview with a Mormon leader said the following on CNN: *We have 57 000 youngsters in the field right now, who each give two years of their lives, raise their own finances, and work 14 hours a day. Isn't that something?*

Die Kerk van die nuwe millennium het groot uitdagings voor haar, en indien ons nie hierdie uitdagings gaan aanpak met toewyding teenoor ons visie en doel nie, gaan ons ons invloed en doel waarom ons hier is verloor.

Begin om risiko's te neem

Wanneer laas het jy iets vir die eerste keer gedoen?

I rather attempt to do something great and fail – than attempt to do nothing and succeed.

[Aroused] by faith Moses, when he had grown to maturity and become great, refused to be called the son of Pharaoh's daughter, because he preferred to share the oppression [suffer the hardships] and bear the shame of the people of God rather than to have the fleeting enjoyment of a sinful life.

He considered the contempt and abuse and shame [borne for] the Christ (the Messiah Who was to come) to be greater wealth than all the treasures of Egypt, for he looked forward and away to the reward (recompense).

[Motivated] by faith he left Egypt behind him, being unawed and undismayed by the wrath of the king; for he never flinched but held staunchly to his purpose and endured steadfastly as one who gazed on Him Who is invisible.

Hebrews 11:24-27 (Amplified)

God soek na mense wat nie agteroor sit en die probleme en mense kritiseer nie; maar mense wat die uitdagings identifiseer en iets daaromtrent doen om sodoende die situasie te verander.

Ons moet leer om uitdagings te geniet want **ons weet dat vir hulle wat God liefhet, ALLES ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is (Rom. 8:28).**

Ons weet dat wanneer God vir ons is, is dit onmoontlik om te faal! **Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? (Rom. 8:31).**

Begin om middelmatigheid die hok te slaan

Vir ons om dit te oorkom sal ons alle gevoelens van onsekerheid en oorsensitiwiteit (aanstoot) eenkant moet sit en oop wees om instruksies te aanvaar en beginsels by ander te leer.

'n Middelmatige persoon is iemand wat nie meer groei nie omdat hulle nie meer leer nie – dus is daar ook geen ontwikkeling nie! Dit is tyd dat ons nou sal besef hoe belangrik dit is om 'n gesindheid van groei te hê, en 'n hart wat oop is om te leer.

Hoe meer ons die waarheid ontvang, hoe meer sal ons besef dat God dit wat dwaas is by die wêreld, uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam (**1 Kor. 1:27**).

Moenie ongebalanseerd raak nie – HOU BALANS!

Moet nooit toelaat dat jou gawe jou na 'n plek neem waar jou karakter jou nie kan hou nie.

Mense wat dink hulle is beter as ander, word uiteindelik verneder. Mense wat nie so baie van hulself dink nie, verstaan die kuns van die lewe. Vir mense wat die Here baie liefhet, is die lewe makliker. Hulle wat Hom nie ken nie, word deur valshede verwoes.

Spreek 11:2,3 (Boodskap)

Ons kan mense wees met die grootste talent en gawes, maar as ons nie die karakter het wat dit komplimenteer nie, sal ons talent en gawes uiteindelik ingee en doodgaan. **God verhoog nie mense bo hulle karakter nie!**

Karakter is meer as werke, of wat ons doen; karakter/integriteit is wie ons is. Wanneer jy karakter in jou lewe het, sal jou woorde en aksies daarmee ooreenstem. D.w.s. jou woorde en aksies weerspieël jou karakter!

Moenie alleen staan in jou missie nie

Alle vennootskappe is gebaseer op 'n gewilligheid om alle persoonlike regte op te gee en ernstig te kyk na die behoeftes van ander. Wanneer ons in die lewenstyl van deelgenote (van die Evangelie) kom, is dit daar waar ons die geleentheid het om mekaar te dien.

Gelowiges het nodig om verantwoordbaar teenoor ander te staan. Ons kan nie op ons eie staan nie. Hoe gaan ons ons naaste, gesinne, stede en land op ons eie bereik? D.m.v. DISSIPELSKAP!

He who wilfully separates and estranges himself [from God and man] seeks his own desire and pretext to break out against all wise and sound judgement.

Proverbs 18:1 (Amplified)

'n Selfsugtige mens wat net vir homself leef, soek altyd na 'n rede om die rug vir sy mense te draai (Boodskap).

Wanneer ons **saamwerk** is daar dissipline en kan ons doelgerig as die liggaam van Christus staan om sodoende die behoefte aan te spreek.

Gaan stabiel deur verandering

Wanneer ons **saamwerk** kan ons met stabiliteit **verandering** ondergaan. Ons het nie nodig om van ou waarhede ontslae te raak nie, maar eerder waarheid by waarheid voeg. Dus sal ons doelgerig na ons teiken mik en nie doelloos voortstompel nie. Ons sal sekuur wees te midde van verandering.

Vervul die groot opdrag

Want die Seun van die mens HET GEKOM om te soek en te red wat verlore is.

Lukas 19:10

Die Groot Opdrag wat Jesus ons in **Markus 16:15** gegee het. ***En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.***

Ons mandaat volgens Markus 16:15 is:

- **Wen** – die Volle Evangelie
- **Konsolideer** – die Nuwe Bekeerlinge
- **Dissipel** – die Gelowiges
- **Stuur** – die Mense

Successful ministry is building the church on the purpose of God in the power of the Holy Spirit and expecting the results from God

- Rick Warren

My geestelike huis gee my:

- God se DOEL om voor te leef (*missie*)
- Om saam met God se MENSE te leef (*familie*)
- Om in God se BEGINSELS te leef (*volwassenheid*)
- Om in God se KRAG te leef (*heerlikheid*)

He has given us the privilege of being born again, so that we are now members of God's own family.

1 Peter 1:3 (L.B)

God gee ons patrone en maniere waarvolgens ons moet funksioneer en wandel. Die koninkryk van God het 'n orde, 'n administrasie! Indien ons nie die weg – die orde en administrasie van die koninkryk ken nie, het ons sy handeling nodig, m.a.w. hoe om op te tree. Indien jy wel die insettinge en verordeninge ken, sal die handeling jou volg.

En onderrig hulle in die insettinge en die wette, en maak hulle die weg bekend waarop hulle moet gaan, en die werk wat hulle moet doen.

Exodus 18:20

Nuwe wysakke vir nuwe wyn

God het vyf dae gevat om hierdie planeet met absolute detail, perfeksie en orde vir ons te skep – NET VIR ONS! Hy het die mens eers op die sesde dag gemaak nadat Hy alles vir die mens reeds voorberei het. God is 'n God van detail.

En niemand sit 'n nuwe stuk lap op 'n ou kleed nie; want die aangelapte stuk skeur van die kleed af en daar kom 'n erger skeur.

'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou leersakke nie; anders bars die sakke en die wyn loop uit en die sakke vergaan. Maar 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en altwee bly behoue.

Matthéüs 9:16, 17

Nuwe wyn:- God se Woord (Christus)

Nuwe wysakke:- Vernuwing van denke

The end does not justify the means, but it does determine the means. The destination does determine the direction.

Wanneer jy besluit om 'n reis te onderneem, werk jy nie eerste jou roete uit nie. Jy moet eerstens jou eindbestemming bepaal! Destinasië of eindbestemming is die belangrikste faktor wat bepaal watter roete jy gaan volg. Elke reis begin nadat die eindbestemming gekies is. Jy kan dan die regte padkaart gebruik wat jou sal help om jou bestemming te bereik. Sonder beide van hierdie sal jy nie jou weg vind nie.

Wanneer ons bepaal wat God se doel met ons is, sal ons weet wat ons doel en eindbestemming is. Ons insig oor ons doel en eindbestemming bepaal hoe ons ons lewe gaan inrig en waar ons ons energie gaan aanwend.

Only he who can SEE the INVISIBLE can DO the IMPOSSIBLE.

- Frank Gaines

Jou lewe sal 'n totale transformasie ondergaan wanneer jy leer om 'n gesonde verhouding met die Koninkryk en jou gemeente te hê. Jy sal die vrede, sekuriteit, vriendskap en blydschap vind wat alleenlik kom deur egte, waardevolle gesonde verhoudings met jou broers en susters in die familie van God. Daar is liefde, vertrouwe, vriendskap, saam groei, saam werk, saam speel en fun in hierdie Familie – die Liggaam van Christus!